

Gereformeerde Kerk Bellville – 4 Maart 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 87:4, 5 (p. 438)

- 4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore, / sal kom, selfs uit die allerverste land.
Hul sien God hou die moederstad in stand / en jubel: Dié en dié is daar gebore!
- 5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle, / een-een, gebore uit die volkeskaar;
en singend, juigend klink die lofstem daar: / Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Gebed

Psalm 119:12, 13 (p. 589)

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofte^oaan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe^oin my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.
- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyf.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Skriflesing: Handeling 8:4-25; 22:1-16; Heidelbergse Kategismus, Sondag 27:72-73

Kernvers: Handeling 8:21-22; 22:16

Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie. Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word.

(Handeling 8:21-22 AFR53)

En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.

(Handeling 22:16 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 72: Is die uitwendige waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee (a), want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes (b).

(a) Matt 3:11; 1 Pet 3:21; Efes 5:26. (b) 1 Joh 1:7; 1 Kor 6:11.

Vraag 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van sondes?

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige redes nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes só wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam (a) wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word (b).

(a) Open 1:5; 7:14; 1 Kor 6:11. (b) Mark 16:16; Gal 3:27.

Tema: 'n Waarskuwing om nie die doop te oorskat nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die gelowige en die vraagsteller sit vanaand hul gesprekke oor die doop voort. Die een gesprek oor die doop is nie noodwendig belangriker as 'n ander gesprek nie. Elke gesprek oor die doop is belangrik, maar vanaand se gesprek en volgende Sondagaand se gesprek is miskien meer aktueel vir 'n mens se daaglikse lewe. Lidmate kry dikwels in hulle omgang met vriende en kennisse te doen met die onderwerpe van hierdie twee gesprekke.

In hierdie twee gesprekke gaan dit oor hoe belangrik dit is om gedoop te word. Party mense gaan sover as om te sê dat as jy nie gedoop is nie, kan jy nie gered wees nie. Ander mense is weer van oordeel dat die doop net vir volwasse mense bedoel is, daarom sien hulle neer op die doop van jong kinders en sê selfs dat dit 'n ongeldige doop is. Laasgenoemde mense is soms so erg dat hulle mense wat as kinders gedoop is, oorhaal om weer as volwassenes gedoop te word.

In vanaand se gesprek gaan dit oor die mense wat die doop oorskat. Met ander woorde, hulle heg aan die doop 'n verkeerde waarde wat die Here self nie aan die doop gegee het nie. In hulle praat oor die doop klink dit asof die doop jou saligheid gaan verseker of bewerkstellig. 'n Mens wil sê dat hulle die doop verafgod. Maar laat ons nie nou die gesprek vooruitloop nie. Kom ons begin by die eerste vraag van die vraagsteller van vanaand se gesprek.

In die vorige gesprek het die gelowige vertel waar die doop as sakrament vandaan kom en wat in die doop afgebeeld en verseël word. Die vraagsteller wou ook weet wat dit beteken om met Christus se bloed en Gees gewas te wees. Die gelowige het genoem dat Christus die uitwendige waterbad – dit is die doop – ingestel het. En toe die gelowige enkele Skrifgedeeltes aangehaal het om te wys dat Christus die doop ingestel het, het hy onder andere genoem dat die doop ook die afwassing van sondes genoem word. Daarom wil die vraagsteller van die gelowige weet: **Is die uitwendige waterbad self dan die afwassing van die sonde?** Is dit die doopwater wat die dopeling se sondes afwas?

Broers, susters en kinders, ons wat die voorreg het om die gereformeerde leer te ken, sal maklik hierdie vraag as belaglik wil afmaak. Ons weet mos dat water – nie eers sogenaamde spesiale water nie – nie 'n mens se sondes kan afwas nie. Sondes is mos nie iets wat aan 'n mens se buitekant vassit nie. Die sonde sit aan die binnekant van 'n mens vas – in sy hart, siel en verstand, want hy is in sonde ontvang en gebore. Hy het 'n bedorwe natuur waaruit elke sonde opborrel soos water uit 'n fontein. Die vraagsteller is baie ernstig wanneer hy die vraag vra, en dit is belangrik dat 'n mens sy vraag ook met die nodige erns en deernis sal beantwoord.

Om die vraagsteller te help met sy vraag gaan die gelowige terug na die Skrifgedeelte toe wat hy in antwoord 71 aangehaal het. Dit is inderdaad so dat Ananias vir Paulus gesê het:

Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas. (Handelinge 22:16b AFR53)

Kan 'n mens nou hieruit aflei dat die doop self die sonde afwas? Die gelowige besef daar is mense wat dié woorde in die Bybel lees en daaruit aflei dat dit wel die geval moet wees, want kyk wat staan daar in die Bybel geskryf. En daar is mense wat nie net die afleiding maak dat die doop die sondes afwas nie, hulle gaan selfs sover om dit ook te verkondig.

Die Rooms-Katolieke Kerk verkondig dat sodra die doop aan 'n mens bedien word, word sy sondes werklik en onmiddellik vergewe. Die oomblik wanneer die water sy voorkop raak, word sy sondes weggeneem. Daarom voer die Rooms-Katolieke Kerk hulle verkondiging ook verder. Aangesien die doop die sondes afwas, beteken dit dat iemand wat nie gedoop is nie, nie vergifnis van sondes ontvang het nie. Op grond van hierdie redenasie sê die Rooms-Katolieke Kerk dat 'n pasgebore babatjie wat op sterwe is sommer in die hospitaal gedoop moet word. Indien die priester nie gou genoeg by die hospitaal kan kom nie, kan die dokter of suster die doop aan die kindjie bedien.

Wanneer 'n mens dink dat die doop die sondes van 'n mens afwas, moet 'n mens die argument eenvoudig deurvoer. Wie so redeneer, sê inderwaarheid dat jy niks van Christus hoef te weet nie en jy hoef nie eers in Hom te glo nie solank jy maar net gedoop is, want die doop is gelyk aan die vergewing van sondes. Indien doop so noodsaaklik is dat 'n mens ten alle koste moet verhoed dat 'n kindjie van gelowige ouers ongedoop sterf, hoe sal 'n mens dan oor die misdadiger aan die kruis dink? Die misdadiger wat saam met Christus gekruisig is, het regtig tot geloof in Christus gekom. Daarom het Jesus vir hom gesê dat hy op daardie dag saam met Hom in die paradys sal wees. En tog is daardie misdadiger nie gedoop nie.

Indien die doop onontbeerlik is, was dit mos ongevoelig van Paulus om aan die Korintiërs te skryf dat hy dankbaar is dat hy nie so baie van hulle gedoop het nie (1 Kor 1:14). Vir Paulus was dit nie belangrik dat hy hulle gedoop het nie, maar dat hulle van hom gehoor het hoe hulle deur Christus verlos is. Hulle moes weet dat hulle alleen deur die geloof in Christus vergifnis van sondes by God kan kry.

Indien die doop dan wel die sondes afwas, het Petrus mos teen die Here ingegaan toe hy aan Simon die towenaar van Samaria gesê het:

Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie.
(Handelinge 8:21 AFR53)

En dit het Petrus vir hom gesê nadat hy gedoop was. Petrus is mos nie by magte om die vergifnis van sondes wat Simon deur die doop sou ontvang het weg te neem nie.

Broers, susters en kinders, 'n mens word nie deur die doop gered nie, maar deur Jesus Christus. Daarom antwoord die gelowige dat **alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees 'n mens van al sy sondes reinig.**

As die doop dan nie die sondes afwas nie, wat doen die doop dan? vra die vraagsteller. Die doop versterk gelowiges se geloof omdat hulle deur die doop herinner word dat God belowe het om hulle sondes ter wille van Christus te vergewe. Die doop versterk ook hulle geloof omdat die doop hulle verseker dat wanneer hulle gelowig hulle sondes voor Hom bely en om vergifnis vra, Hy dit ter wille van Christus ook vergewe. Die doop versterk die gelowige se geloof so omdat die Heilige Gees hom deur die ware geloof in Christus ingelyf het. En deur die geloof neem die gelowige al die weldade wat Christus vir hom verdien het aan. Dit sluit in die vergifnis van sondes op grond van Christus se offer aan die kruis.

Die doop was dus nie die sondes af nie en met die doop ontvang 'n mens ook nie vergifnis van sondes nie. In die doop ontvang 'n mens die teken en seël van die belofte dat God 'n mens se sonde ter wille van Christus vergewe. Maar met die belofte kom die eis om die Here te glo. Net die mense wat in die Here glo wat die belofte maak, het uiteindelik deel aan die belofte. Hulle sondes is vergewe.

Dit moet ons goed besef, geliefdes, almal wat gedoop is ontvang die belofte dat God mense se sondes ter wille van Christus vergewe. Maar nie almal wat gedoop is, ontvang dit wat belowe is nie, want nie almal glo in die Here wat hierdie belofte maak nie.

Om dit duideliker te maak kan ons dit soos volg verduidelik. Wanneer iemand vir jou 'n tjek van 'n duisend rand gee, het jy nie 'n duisend rand in jou hand nie. Jy het van hom die belofte van 'n duisend rand ontvang. Die een wat die tjek aan jou gegee het, belowe dat wanneer jy die tjek by die bank gaan wissel, sal die bank die bedrag van R1 000 uit sy rekening aan jou uitbetaal. Wanneer jy egter nie die tjek by die bank gaan wissel nie, sal jy nie die duisend rand in kontant hê nie. Jy bly net met die belofte in jou hand sit.

Met die doop maak God die belofte aan die dopeling dat Hy sy sondes ter wille van Christus sal vergewe. Die dopeling het nog nie die vergifnis van sondes ontvang nie, net die belofte daarvan. Die enigste een na wie die dopeling met die belofte kan gaan, is na die Here toe. Die dopeling gaan dan in gebed na die Here en bely sy sondes voor God. En dan vra hy of die Here nie dit wat Hy aan hom belowe het wil gee nie. Eers wanneer jy die Here op sy woord neem en Hom gelowig om vergifnis van sondes vra, ontvang jy die vergifnis van sondes.

Ja goed, ek begryp nou dat die doop nie 'n mens se sondes kan afwas nie. Net die bloed en Gees van Christus reinig 'n mens van al sy sondes. Maar hier staan dit tog geskryf dat Ananias vir Paulus gesê het dat hy gedoop moet word en sy sondes laat afwas. **Hoekom noem die Heilige Gees die doop die afwassing van sondes?** Hier staan mos nie in die Bybel geskryf dat die doop net die belofte van die afwassing van sondes is nie.

Om dit te verduidelik begin die gelowige weer by die voorbeeld van die tjek van 'n R1 000 wat hy so pas gebruik het. Wanneer iemand vir jou 'n tjek van die genoemde bedrag gee en jy kom baie bly by die huis aan, gaan die mense vir jou vra hoekom jy so bly is. Dan sal jy dadelik antwoord dat daardie man vir jou 'n R1 000 gegee het. Dit is mos hoe ons praat.

In werklikheid het jy net 'n stukkie papier gekry waarop die belofte van die bedrag van 'n R1 000 geskryf staan. Omdat jy die persoon wat die tjek aan jou gegee het vertrou, sê jy dat jy 'n R1 000 gekry het al is dit nog net die belofte van die bedrag geld. Jou vertroue in die persoon maak dat jy nie 'n onderskeid maak tussen die belofte en die regte geld nie.

Wanneer 'n mens gedoop word, belowe die Here daardie mens die vergewing van sondes deur Jesus Christus en die vernuwing deur die Heilige Gees. Die Here is betroubaar en Hy hou sy woord, maar die mens moet die Here leer ken as die betroubare God. Daarom skryf die Heilige Gees dat die doop die afwassing van die sondes is. Van die Here se kant af gesien – sy belofte is eg, so eg dat Hy die belofte en dit wat belowe word met mekaar vereenselwig. Wanneer die Here die doop die afwassing van die sondes noem, wil die Heilige Gees alle twyfel wat die mens oor God mag hê uit die weg ruim.

Simon die towenaar is gedoop. Hy het dus die belofte van die vergifnis van sondes ter wille van Christus ontvang. Maar omdat hy vir Petrus geld aangebied het om ook 'n

bedienaar van die Here se genade te wees, het Petrus gesien dat sy sondes nog nie geheel afgewas is nie en hy het ook nog nie die vernuwing wat in die doop beloof word ontvang nie. Daar-om het Petrus hom vermaan dat hy hom moet bekeer en tot die Here bid om vergifnis van sy sondes.

Wanneer 'n mens gedoop word, belowe die Here nie net aan hom die vergifnis van sondes en die vernuwing van sy lewe nie. Saam met die belofte roep die Here die dopeling ook op om Hom te glo. In die geloof moet hy die belofte van die doop na die Here toe bring en gelowig vra dat die Here ook aan hom sal gee wat Hy aan hom belowe het. 'n Mens moet dus die Here op sy woord neem en Hom glo, anders gaan jy nie ontvang wat die Here belowe het nie.

Die vraagsteller maak seker dat hy nou goed verstaan. Daarom sê hy: Dit is nie die doop wat die sondes afwas nie, maar die bloed en Gees van Jesus Christus. Die Here noem die doop die afwassing van sondes, omdat sy beloftes betroubaar is en Hy hou sy woord. En omdat die Here sy woord hou, kan die dopeling die Here gelowig in gebed nader en om vergifnis van sondes smee en hy sal dit kry. Dit is presies reg. Die Here bedien die doop aan 'n mens en roep hom op om die Here te glo.

Maar as die vergifnis van sondes wat in die doop belowe word slegs deur die geloof ontvang kan word, watter waarde het die doop van klein kindertjies dan? Hulle kan mos nog nie glo nie, beteken dit dan dat hulle nog nie vergifnis van sondes kan ontvang nie?

Om hierdie vraag van die vraagsteller beantwoord, wys die gelowige hom weer op wat in 'n vorige gesprek gesê is. **Deur die gebruik van die sakramente laat die Here die gelowiges die belofte van die evangelie nog beter verstaan en verseël Hy die belofte.** Die doop is tot die gelowige se voordeel wanneer hy die doop gebruik. Dit beteken dat die doop nie net aan 'n grootmens bedien moet word nie.

Nou hoe gebruik 'n mens die doop wat aan jou bedien is? Hierop antwoord die gelowige: Elke keer wanneer ek gelowig nadink oor die betekenis van die doop – dat God aan my die vergifnis van sondes gee ter wille van sy Seun Christus en ek onderwerp my aan die Heilige Gees se heerskappy – dan gebruik ek my doop. Vir 'n kind om self sy doop te gebruik beteken dit dat hy ook oud genoeg sal wees om te verstaan wat ons in die doop leer.

Maar dit beteken geensins dat die doop van 'n jong kindjie waardeloos is nie. Die doop van jong kinders is tot voordeel van sy ouers. En die doop is ook tot voordeel van die gemeente wat getuies is van die doop aan die kind. Die ouers en die gemeente se geloof word weer versterk deur die doop wat aan die kind bedien word. Hulle hoor die versekering dat hulle na God mag gaan en om vergifnis smee en weet dat God dit aan hulle sal gee ter wille van Christus.

Die ouers belowe die Here by die doop van hulle kindjie dat hulle hom of haar gaan leer van die verlossingswerk wat Jesus Christus gedoen het. En deur hierdie onderrig leer die kindjie gaandeweg om sy doop ook te gebruik – om die Here gelowig op sy woord te neem. Elke ouer kan en behoort gereeld vir hulle kinders te bid dat die Here hulle sal vergewe. Job het dit gereeld vir sy kinders gedoen.

Die doop is nie 'n towermiddel van sondes wegneem nie. Die doop is die belofte waaraan gelowiges kan vashou en na die Here toe gaan en smee dat Hy die belofte waar sal maak. Hy is immers die betroubare God wat sy beloftes hou.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 19-3:1, 2, 3, 4 (Sb 25) (Op die melodie van Ps 134)

- 1 Genade^{en} vrede sy oor ons / van God wat in die hemel woon,
wat is, wat was en kom, en van / die sewe Geeste voor sy troon;
- 2 van Jesus Christus, onse Heer, / in sy getuig'nis altyd trou;
die Eersgeboorne uit die dood, / wat dood en doodsmag nie kon hou,
- 3 wat oor die konings heers tot hul / die krone neerwerp aan sy voet –
Hy wat ons liefgehad het en / ons rein gewas het in sy bloed!
- 4 Tot konings het Hy ons gemaak, / tot priesters om sy Vader te^{er};
Hom sy vir ewig eer en krag, / wat nou oor alles triomfeer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
4 Maart 2018